BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c — Vrydag 13 Oktober 1978 — WINDHOEK — Friday 13 October 1978 — No. 3846

INHOUD:

**PROKLAMASIE:** *Bladsy*

No. AG. 71 Proklamasie op die Wysiging van die Handels- en Lisensiemaatreëls van Owambo, Kavango en Caprivi, 1978 — 1

CONTENTS:

**PROCLAMATION:** *Page*

No. AG. 71 Amendment of the Trading and Licensing Enactments of Owambo, Kavango and Caprivi Proclamation, 1978 — 1

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Waarnemende Staatspresident goedgekeur op 4 Oktober 1978)*

No. AG. 71 — 1978

WYSIGING VAN DIE OWAMBO HANDELS- EN LISENSIEMAATREËL, 1972 (MAATREËL 3 VAN 1972), DIE HANDELS- EN LISENSIE MAATREËL VAN KAVANGO, 1973 (MAATREËL 3 VAN 1973), EN DIE OOS-CAPRIVI HANDELS- EN LISENSIEMAATREËL, 1973 (MAATREËL 4 VAN 1973)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal — Windhoek, 11 Oktober 1978

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the Acting State President on 4 October 1978)*

No. AG. 71 — 1978

AMENDMENT OF THE OWAMBO TRADING AND LICENSING ENACTMENT, 1972 (ENACTMENT 3 OF 1972), THE TRADING AND LICENSING ENACTMENT OF KAVANGO, 1973 (ENACTMENT 3 OF 1973), AND THE EASTERN CAPRIVI TRADING AND LICENSING ENACTMENT, 1973 (ENACTMENT 4 OF 1973)

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General — Windhoek, 11 October 1978

### BYLAE

*Wysiging van artikel 1 van Maatreël 3 van 1972, soos gewysig deur Maatreël 2 van 1973, van Owambo*

1. Artikel 1 van die Owambo Handels- en Lisensiemaatreël, 1972, word hierby gewysig deur die omskrywing van "die beleggingskorporasie" te skrap.

### SCHEDULE

*Amendment of section 1 of Enactment 3 of 1972, as amended by Enactment 2 of 1973, of Owambo*

1. Section 1 of the Owambo Trading and Licensing Enactment, 1972, is hereby amended by the deletion of the definition of "the investment corporation".

*Herroeping van artikel 14 van Maatreël 3 van 1972 van Owambo*

2. Artikel 14 van die Owambo Handels- en Lisensiemaatreël, 1972, word hierby herroep.

*Wysiging van artikel 1 van Maatreël 3 van 1973 van Kavango*

3. Artikel 1 van die Handels- en Lisensiemaatreël van Kavango, 1973, word hierby gewysig deur die omskrywing van "die Beleggingskorporasie" te skrap.

*Herroeping van artikel 14 van Maatreël 3 van 1973 van Kavango*

4. Artikel 14 van die Handels- en Lisensiemaatreël van Kavango, 1973, word hierby herroep.

*Wysiging van artikel 1 van Maatreël 4 van 1973 van Caprivi*

5. Artikel 1 van die Oos-Caprivi Handels- en Lisensiemaatreël, 1973, word hierby gewysig deur die omskrywing van "die Beleggingskorporasie" te skrap.

*Herroeping van artikel 14 van Maatreël 4 van 1973 van Caprivi*

6. Artikel 14 van die Oos-Caprivi Handels- en Lisensiemaatreël, 1973, word hierby herroep.

*Geldigverklaring van sekere lisensies*

7. (1) 'n Lisensie wat uit hoofde van 'n bepaling wat deur artikel 2, 4 of 6 herroep is, aan die korporasie in daardie bepaling genoem, uitgereik is ten opsigte van 'n besigheid of beroep vir die bedryf waarvan, indien dit onderneem word deur 'n persoon wat 'n lid is van 'n klas of groep vermeld in die maatreël waarvan die betrokke bepaling aldus herroep 'n deel uitgemaak het, 'n lisensie ingevolge daardie maatreël vereis word, word, behoudens die bepalings van subartikel (2), geag die aldus vereiste lisensie, wettig aan genoemde korporasie uitgereik, te wees en te alle tersaaklike tye dit te gewees het, en vir dié doel word genoemde korporasie geag so 'n persoon te wees en te alle tersaaklike tye dit te gewees het.

(2) 'n Lisensie in subartikel (1) bedoel verstryk op 31 Desember 1978 tensy dit voor daardie datum kragtens die betrokke maatreël gekanselleer of ingetrek word, en kan nie ingevolge genoemde maatreël hernu word nie.

*Kort titel*

8. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Wysiging van die Handels- en Lisensiemaatreëls van Owambo, Kavango en Caprivi, 1978.

*Repeal of section 14 of Enactment 3 of 1972 of Owambo*

2. Section 14 of the Owambo Trading and Licensing Enactment, 1972, is hereby repealed.

*Amendment of section 1 of Enactment 3 of 1973 of Kavango*

3. Section 1 of the Trading and Licensing Enactment of Kavango, 1973, is hereby amended by the deletion of the definition of "the Investment Corporation".

*Repeal of section 14 of Enactment 3 of 1973 of Kavango*

4. Section 14 of the Trading and Licensing Enactment of Kavango, 1973, is hereby repealed.

*Amendment of section 1 of Enactment 4 of 1973 of Caprivi*

5. Section 1 of the Eastern Caprivi Trading and Licensing Enactment, 1973, is hereby amended by the deletion of the definition of "the Investment Corporation".

*Repeal of section 14 of Enactment 4 of 1973 of Caprivi*

6. Section 14 of the Eastern Caprivi Trading and Licensing Enactment, 1973, is hereby repealed.

*Validation of certain licences*

7. (1) Any licence which was, by virtue of a provision repealed by section 2, 4 or 6, issued to the corporation mentioned in such provision in respect of a business or occupation for the carrying on of which, if undertaken by a person who is a member of a class or group specified in the enactment of which the relevant provision so repealed formed a part, a licence is required in terms of that enactment, shall, subject to the provisions of subsection (2), be deemed to be and at all relevant times to have been the licence so required and lawfully issued to the said corporation, and for that purpose the said corporation shall be deemed to be and at all relevant times to have been such a person.

(2) A licence referred to in subsection (1) shall expire on 31 December 1978 unless it is cancelled or withdrawn under the relevant enactment before that date, and shall not be renewable in terms of the said enactment.

*Short title*

8. This Proclamation shall be called the Amendment of the Trading and Licensing Enactments of Owambo, Kavango and Caprivi Proclamation, 1978.